

**GELOOF WAAROP JESUS GRAAG JA SÊ**

*Mar 7:24-30 Jesus het Hom gereed gemaak en daarvandaan weggegaan na die gebied van Tirus toe. Daar het Hy in 'n sekere huis tuis gegaan, en Hy wou nie hê dat iemand dit te wete moes kom nie. Tog kon Hy nie onopgemerk bly nie. (25) 'n Vrou wie se dogtertjie van 'n onrein gees besete was, het gou van Hom te hore gekom. Sy het gekom en voor sy voete neergeval. (26) Hierdie vrou was 'n Griek wat in Siro-Fenisië gebore is. Sy het Hom gevra om die bese gees uit haar dogter uit te drywe. (27) Maar Hy het vir haar gesê: "Wag dat die kinders eers klaar eet, want dit is nie mooi om die kinders se kos te vat en vir die hondjies te gooi nie." (28) Sy het Hom geantwoord: "Here, die hondjies eet darem onder die tafel die kindertjies se oorskiet." (29) Toe sê Hy vir haar: "Op grond van wat jy gesê het, kan jy maar huis toe gaan; die bese gees het al klaar uit jou dogter uitgegaan." (30) Toe sy by die huis kom, kry sy haar kindjie op die bed lê en die bese gees was al klaar uit haar uit.*

**GELOOF WAAROP JESUS GRAAG JA SÊ**

- 1 SOEKENDE GELOOF
- 2 ONSELFSUGTIGE GELOOF
- 3 NEDERIGE GELOOF
- 4 VASBYT-GELOOF
- 5 WOORD-GELOOF

**SAAM-PRAAT-VRAE:**

- 1 Wat in hierdie verhaal is vir jou nuut ?
- 2 Wat het jy oor *geloof* ontdek ?
- 3 Wat sou jy gedoen het as jy hierdie desperate vrou was en soveel struikelblokke beleef het ?
- 4 Deel 'n getuienis oor vasbyt-geloof waarvan jy weet? (eie of iemand anders)
- 5 Wat doen dit aan jou om te weet dat Jesus graag ja sê op sulke geloof?
- 6 Hoe kan die Woord ons geloof versterk ?
- 7 Gesels oor die beeld van die kinders, krummels en die hondjies. Waar pas ons in? Is ons die kinders of hondjies ? (Jode of nie-Jode)

